SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 14 FEBRUARIE 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

SARL EN AMSATSA BHF/UHF WERKSWINKEL OP 20 FEBRUARIE - LAASTE KANS VIR REGISTRASIE

'N "PERFEKTE KORONALE MASSA UITWERPING" KAN 'N NAGMERRIE WEES

en

DIE ZS5ZLB VERJAARDAG AKTIWITEIT

Bly op hoogte vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

GELUKKIGE VERJAARSDAG LAURIE

Op Vrydag 12 Februarie het Laurie Devereaux, ZS5DL sy 91ste verjaardag gevier. Laurie, die President en al die lede van die SARL wens jou 'n gelukkige verjaardag toe!

SARL EN AMSATSA BHF/UHF WERKSWINKEL OP 20 FEBRUARIE - LAASTE KANS VIR REGISTRASIE

As jy nog nie vir die SARL/AMSATSA BHF/UHF-werkswinkel op Saterdag 20 Februarie geregistreer het nie, is dit jou laaste kans. Registrasie sluit om middernag op Donderdag 18 Februarie. Besoek www.sarl.org.za vir die program en registrasievorm. Die werkswinkel word op die Bluejeans-platform aangebied en bywoning is gratis vir SARL en AMSAT SA-lede. Vir nie-lede is daar 'n fooi van R50.

Luister hierna. Jy wil graag deelneem aan aktiwiteite op sommige BHF-bande, maar beskik nie oor toerusting nie? Anton Janovsky sal jou wys hoe met 'n dongle en 'n versterker. Ontdek die volgende generasie baken program, hoe herhaler netwerke saamgestel word en hoe die AMSATSA dubbel band Yagi ontwerp is en hoe dit funksioneer.

HET JY 'N KOPIE VAN DIE 2021 DAGBOEK VAN GEBEURE EN KOMPETISIE HANDLEIDING?

Dit is duidelik dat baie SARL-lede nog nie die 2021 Dagboek van Gebeure en Kompetisie Handleiding afgelaai het nie met vrae op die lug soos "Watter kompetisie is dit?" en "Wat is die uitruiling wat ek moet gee?" en gedurende die week e-posse ontvang oor die SARL Nasionale Velddag. Gaan na www.sarl.org.za/public/contests/contestrules.asp en laai 'n eksemplaar af, dan sien jy dat die Nasionale Velddag in Maart plaasvind.

'N "PERFEKTE KORONALE MASSA-UITWERPING" KAN 'N NAGMERRIE WEES

'n Nuwe studie in die navorsing joernaal 'Space Weather' bespreek wat kan gebeur as 'n slegte koronale massa-uitwerping (CME) die aarde sou tref - 'n 'perfekte son storm' as jy wil. In 2014 het Bruce Tsurutani van die Jet Propulsion Laboratory (JPL) en Gurbax Lakhina van die Indiese Institute of Geomagnetisme die 'perfekte CME' bekendgestel. Dit kan 'n magnetiese storm skep met intensiteit tot die versadigings perk, 'n waarde groter as die Carrington-gebeurtenis van 1859, het die navorsers gesê.

Die interplanetêre skok sou binne ongeveer 12 uur op die aarde aankom, die skok aanval op die magnetosfeer sou 'n skielike impuls van ongeveer 234 nanoteslas (nT) skep en die duur van die magnetiese pols in die magnetosfeer sou ongeveer 22 sekondes wees. Satelliete wat wentel, sal blootgestel word aan 'ekstreme vlakke van fakkel en interplanetêre CME (ICME) skok-versnelde deeltjiebestraling', het hulle gesê. Die geleentheid sou volg op 'n aanvanklike CME wat "die pad daarvoor skoonmaak, sodat die stormwolk die Aarde met maksimum krag kon tref." Die CME se reistyd van 12 uur sal min voorbereidings ruimte bied. Die CME sou die aarde se magnetosfeer met 45 keer die plaaslike klank snelheid tref en die gevolglike geomagnetiese storm kon soveel as twee keer so sterk wees as die Carrington-gebeurtenis. Kragnetwerke, GPS en ander dienste kan aansienlike onderbrekings ondervind.

Meer onlangse navorsing onder leiding van fisikus Dan Welling van die Universiteit van Texas in Arlington het Tsurutani en Lakhina se "perfekte CME" opnuut bekyk en gegewe verbeterings in die modellering van ruimte-weer kon hy tot nuwe gevolgtrekkings kom. Die span van Welling het bevind dat geomagnetiese steurings in reaksie op 'n perfekte CME 10 keer sterker kan wees as wat Tsurutani en Lakhina bereken het, veral op breedtegrade tussen 45 en 50 °.

DIE KLUB-UITDAGING

Sal jy graag gratis Klub affiliasie vir 2021/22 wou hê? Drie Klubs staan die kans om hul SARL-affiliasie in die nuwe boekjaar te laat betaal - hoe? Deur artikels vir die Maart, April, Mei en Junie uitgawes van Radio ZS te verskaf. Artikels en foto's deur Klublede. Stuur jou Klub se bydrae na radiozs@sarl.org.za.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

DIE ZS5ZLB VERJAARDAG AKTIWITEIT

Van 14 tot 28 Februarie sal die Zululand Amateurradioklub, ZS5ZLB, 'n ver-

jaardag stasie bedryf. Luister op 80, 60 en 40 meter. Vandag, 14 Februarie, is daar 'n veldstasie op 40 m vanaf die Entumeni herhaler perseel naby Eshowe.

'N WETENSKAPLIKE REFERAAT HET JUPITER MET SONSIKLUSSE VERBIND

Die referaat, gepubliseer in Solar Physics, voorspel dat die Sonsiklus 25 maksimum in 2026 sal plaasvind en 'n amplitude sal bereik wat soortgelyk is aan die van Sonsiklus 24. "Hierdie artikel handel oor die voorspelling van die komende sonaktiwiteit-siklus, Sonsiklus 25. Ons stel voor dat astronomiese efemeris, spesifiek geneem uit die katalogusse van aphelia van die vier Joviese planete, drywers kan wees van variasies in sonaktiwiteit, wat deur die reeks sonvlekgetalle (SSN) vanaf 1749 tot 2020 voorgestel word," lui die opsomming. "Ons sluit af met 'n voorspelling van Sonsiklus 25 wat vergelyk kan word met 'n dosyn voorspellings deur ander outeurs: Die maksimum sal in 2026,2 (± 1 jaar) plaasvind en 'n amplitude van 97,6 (± 7,8) bereik, soortgelyk aan dié van Sonsiklus 24."

DIE EERSTE SARL 40 M RUITVIERKANT NAELLOOP

Die eerste SARL 40 m Klub Ruitvierkant naelloop vir 2021 vind van 12:00 tot 13:00 UTC (14:00 tot 15: CAT) op Saterdag 27 Februarie plaas, wat ook Internasionale Melktert Dag is. Dit is GG en foon aktiwiteit, die uitruiling is 'n RS- of RST-verslag, die naam van jou klub en jou ruitvierkant. Jy verdien twee punte per QSO, 2 punte vir elke nuwe ruitblok en 1 punt vir elke nuwe klub. Jou logboek moet teen middernag op Donderdag 4 Maart 2021 ingedien word by zs4bfn@mweb.co.za.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar nie sonvlekke sigbaar nie en word daar nie sonfakkels verwag nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Radio amateurs kan bruikbare DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag.

Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag – Valentynsdag, ZS5ZLB op 40 metre en die CQ WPX RTD en die PACC- kompetisies

14 tot 28 Februarie – die ZS5ZLB Verjaarsdag aktiwiteit

15 Februarie - die provinsiale skole open

16 Februarie - die PEARS en Grens ARK vergaderings

18 Februarie - registrasie vir die BHF/UHF Werkswinkel sluit

20 Februarie - die SARL en AMSAT SA virtuele BHF/UHF werkswinkel; die Highway en Magalies-ARK vergaderings

20 en 21 Februarie - die ARRL DX GG-kompetisie

23 Februarie - die Secunda ARK-vergadering

27 Februarie - Internasionale Melktert Dag, die SARL 40 m Ruitvierkant naelloop, die Kaapstad ARK vergadering en die Wesrand snuffelmark

6 Maart - die SARL YD Naelloop vir Internasionale Vrouedag

7 Maart - die SARL HAMNET 40 m Gesimuleerde Nood kompetisie

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

As jy nog nie vir die SARL/AMSATSA BHF/UHF-werkswinkel op Saterdag 20 Februarie geregistreer het nie, is dit jou laaste kans. Registrasie sluit om middernag op Donderdag 18 Februarie. Besoek www.sarl.org.za vir die program en registrasievorm.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Deon Erwin, ZS1ZL en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.